**SKRIFLESING:** Handelinge 2:22-36
**TEMA:** Morsdood word springlewend!

Dood word in die Bybel, veral in die Nuwe Testament, geteken as 'n geweldige mag waaraan ons onderwerp is. Dood is as 't ware 'n versamelnaam vir alle magte wat ons bind en magteloos maak.
Allereers is die dood natuurlik die einde van ons lewens. Dit is ‘n simbool van die nietigheid, betekenisloosheid en verganklikheid van ons almal se lewens. Dit is dié mag wat 'n streep trek deur ons planne en drome.
Een van die redes waarom dat ons so gejaagd, onrustig, bekommerd oor baie dinge en soms so gefrustreerd is, is omdat ons weet dat ons gaan sterf.

Maar die dood is in die Nuwe Testament meer as net die mag van die verganklikheid, dit is ook die uitdrukking vir die mag van die sonde. In Efesiërs 2:1 staan daar: “Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes.”
Ons was so in die mag van die sonde dat ons magteloos was om God te dien, om goed te doen en omte lewe.

Selfs in ons spreektaal gebruik ons die term “dood" om situasies van magteloosheid en hooploosheid te beskryf. Ons sê die volgende:
“Iets in my het doodgegaan”, daar is geen sin meer in my lewe oor nie.
“Ons liefde vir mekaar het doodgegaan”, ons verhouding is verby en daar is niks meer wat ons daaraan kan doen nie.
“Ek is tot die dood toe moeg”, ek kan net nie meer nie.
“Ek is doodbang vir wat dalk mag gebeur.”

Ek stem met jou saam dat tot hier toe is hierdie boodskap morsdood!

Genadiglik is dit nie waar God se verhaal met ons eindig nie. Teenoor die mag van die dood, staan die almag van God. Die menslik onmoontlike is vir God maklik. Ons het 2 weke gelede stilgestaan by die verhaal van Abraham en Sara. Hul kry ‘n baba toe hy 100 en sy 90 jaar oud was!
Abraham se geloof word getoets as hy hierdie kind, Isak, moet gaan offer. Ons lees in Hebreërs 11:19 een van die geloofsredes redes waarom hy gehoorsaam kon wees: “hy was daarvan oortuig dat God by magte is om uit die dood op te wek".

In 1 Kor 15:26 lees ons van die dood as “laaste vyand" wat vernietig moet word.

In die gelese gedeelte lees 7 keer van die Here se vernietiging van en oorwinning oor die dood.
In Handelinge 2:24 lees ons die wonderlike waarheid dat God Christus uit die dood opgewek het, omdat dit onmoontlik was dat Hy deur die dood vasgehou sou word.

Van die Here sê Dawid in Handelinge 2:26-27: “Hy het die verwagting dat sy liggaam sal lewe,” en “want sy Vader sal Hom nie aan die doderyk oorlaat nie;”

In vers 31-33 lees ons: "[31]Dawid het die opstanding van die Christus vooruit gesien en gesê: Hy is nie aan die doderyk oorgelaat nie, en sy liggaam het nie vergaan nie.
[32] God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies.
[33] Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort."
Hy heers oor alle magte, ook die dood.

Die dood was nie "by magte" om Jesus vas te hou nie, want God het Hom opgewek! Geen dood is by magte om ons vas te hou nie, want Hy wek ook vir ons op tot lewe. Hy verander ons doodsituasies in lewe, ons verganklikheid in onverganklikheid. In Romeine 6:23 lees ons: "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here."

Vir die van ons in wie iets doodgegaan het, verseker die Here in Johannes 10:10: "Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."
Wanneer dit voel of ons liefde vir mekaar doodgegaan het, onthou ons dat ons in 1 Joh 4 lees dat God liefde is. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het. Ons kan liefhê wanneer ons toelaat dat sy liefde ons lewens oorvol maak sodat dit na mekaar toe kan uitvloei.
Vir die van ons wat tot die dood toe moeg is, nooi Hy in Matteus 11:28 uit: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."

Vir ons wat doodbang vir die lewe is, roep op Hy op tot geloof om saam met Dawid in die woorde van Psalm 27:1 te bely "Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?"

Hy verander ook die finaliteit van die graf in 'n heerlike poort na die lewe. Die stryd met ons laaste vyand, ons magtigste teëstander, dié mag wat ons lewens kom deurmekaarkrap het is deur God gewen, finaal en onherroeplik!

Ek herinner jul weer aan Jesus se woorde in verlede week se teksvers: "[25]Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; [26]en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?" (Joh 11:25-26)
In Lied 582:5 sing ons: "Dood, wie sou skrik? Graf, wat sou my laat beef? My toekoms is gewis, want Jesus leef!" Glo jy dit?

Die opstanding van Christus is die fondament van ons geloof. Die leë kruis en oop graf is bewys dat alle dinge by God moontlik is.
Daarom vier ons elke Sondag die opstanding van Christus. Dit is dié dag waarop God finaal die oorwinning behaal het oor die magte wat ons morsdood, magteloos en hooploos gemaak het!
By doop herinner Hy ons dat geen situasie só dood is dat Hy dit nie kan lewend maak nie... en ek en jy is bewys daarvan!
Amen